# CURRICULUM VAN WAARDES

## DIE SELF

*Ons ag onsself na waarde dat ons die kapasiteit het om spiritueel, intellektueel en emosioneel te kan groei en te ontwikkel.*
*Op grond hiervan, sal ons –*

- onsself ontwikkel tot 'n beter verstaan van ons eie karakter, in ons sterk en swak punte;
- onsself ontwikkel om selfrespek, selfwaarde en selfdissipline te hê;
- die betekenis en doel van ons lewe vir onsself uitklaar, op die basis hoe ons behoort te leef;
- verantwoordelike besluite neem rakende ons talente, regte, pligte, geleenthede en selfwaarde;
- daarna streef om deur die verloop van hierdie vorm van lewe te groei in kennis, wysheid en begrip;
- om sover dit binne ons vermoë is, vir ons keuses en besluite verantwoordelikheid te neem en
- besef dat die oproep tot Lewe behels 'n keuse om anders te dink oor onsself, ons ewemens en God.

## EWEMENSE

*Ons ag ons medemens na waarde, nie op grond vir wat hulle het of vir ons kan gee nie. Ons waardeer alle verhoudinge as 'n fundamentele fondasie vir die ontwikkeling en vervulling van onsself en andere asook vir die opbou van die gemeenskap. Ons glo dat liefde, aanvaarding, respek, waardigheid en seën die basis vorm van elke verhouding.*
*Op grond hiervan, sal ons –*

- respek hê vir ons medemens, in besonder ons kinders en ons bejaardes;
- omgee vir andere as ewemens, en met die beste intensies hulle seën;
- andere wys dat hulle gewaardeer word en na waarde geag word;
- hul lojaliteit, vertroue, geloof, hoop en liefde nie vanselfsprekend aanvaar nie;
- met ander saamwerk in 'n gemeenskaplike doel tot opheffing van almal;
- die privaatheid en eiendom; gevoel en oortuigings van ander respekteer en
- geskille vreedsaam oplos sonder om iemand te minag en te verneder.

## GEMEENSKAP

*Ons ag na waarde: vryheid, menseregte, en wetsgehoorsaamheid as 'n kollektiewe verantwoordelikheid vir die opbou van almal. In besonder ons families as ons bron van liefde en ondersteuning as basis vir 'n gebalanseerde samelewing.*
*Op grond hiervan, sal ons –*

- verantwoordelikheid aanvaar vir die gemeenskap waarin ons leef;
- nie toegee aan optredes en reaksies wat skade kan bring aan ander nie;
- ons familiestrukture oppas en met liefde versorg;
- geen diskriminasie toepas teenoor mense se geslag, ras, seksuele oriëntasie of finansiële vermoë nie;
- mense help om respek en begrip te hê vir wetsgehoorsaamheid en die norme en waardes van ons samelewing;
- respek te hê vir kulturele verskeidenheid en andersdenkendes en met waardigheid teenoor hulle op te tree en
- binne ons vermoë 'n finansiële, spirituele en emosionele bydrae maak om 'n verskil te maak aan die gemeenskap om ons.

## OMGEWING

*Ons ag na waarde ons omgewing, beide ekologies en milieu as fondasie, wonder en die inspirasie van lewe wat die Skepping ons bied. Op grond hiervan, sal ons –*

- verantwoordelikheid aanvaar om ons omgewing te bewaar vir ons kinders en hul geslagte daarna;
- die plek van die mens binne sy of haar milieu te ken en verstaan en met respek in stand hou;
- verantwoordelikheid aanvaar vir alle ander spesies van lewe op aarde;
- daarvoor sorg dat ons 'ontwikkeling' nooit ten koste van die milieu sal geskied nie;
- balans en verskeidenheid binne die natuur respekteer en bewaar;
- aktief deelneem in die herstel daarvan wat ons reeds geskaad en gewond het en
- respek toon vir ons werksmilieu en 'n gebalanseerde etiek daarbinne toepas.

## GELOOFSGEMEENSKAP

*Ons ag ons geloofsgemeenskap na waarde, beide ons verhouding in asook ons ervaring met die Lewende God.*
*Op grond hiervan, sal ons –*

- ander gelowe met respek en waardigheid omarm sonder om dit te (ver)oordeel;
- 'n pastorale hart ontwikkel waarby alle mense se geloofsbeskouing met waardigheid ingesluit word;
- 'n verantwoordelike en relevante politieke stem laat hoor wat gesofistikeerd, sinvol en relevant is;
- 'n gesonde invloed as geloofsgemeenskap uitoefen op ons onderwys en opvoeding van ons kinders;
- 'n plek om 'n intieme oomblik met God te beleef en waar niks tussen ons en God staan nie;
- 'n ruimte skep waar mense die vrymoedigheid het om te verskil sonder om mekaar te veroordeel en
- maak waarheid, integriteit, eerlikheid en welwillendheid prioriteite in ons spiritualiteit en geloofsgemeenskap.